

Die wreedste vorme van straf is aan slawe wat hulle meesters vermoor het, opgelê.⁷⁵⁰ In die geval van die moord op Jacob van der Hoeven van Vissershok deur twee van sy slawe, is die regterhand van “die den eersten slag had gegeven” afgekap, terwyl albei slawe lewend geradbraak en hulle gebroke liggame so gelaat is tot die dood ingetree en hulle lyke deur die roofvoëls en elemente verteer is.⁷⁵¹ In die 1800’s het Samuel Hudson melding gemaak van die afgryslike straf van ‘n slaaf wat sy meester vermoor het. Die veroordeelde se kop is afgekap waarna hy onderstebo aan sy hakskeene opgehang en die afgekapte kop tussen sy bene geplaas is. Nadat sy liggaam ‘n dag lank so tentoongestel is, is dit na die galg te Soutrivier geneem om as voedsel vir die kraaie en ander roofvoëls te dien.⁷⁵² Volgens Thunberg is ‘n sekere slaaf wat aan moord skuldig bevind is aan die houtkruis vasgemaak, sy ledemate op agt verskillende plekke met ‘n skerp brandyster gebrand, sy liggaam op die wiel vermink en sy kop daarna afgekap en op ‘n houtpaal tentoongestel.⁷⁵³ In 1825 het drie van die slawe wat aan moord op blankes in die Bokkeveld skuldig bevind is op ‘n grusame wyse met hulle lewe geboet. Galant, Abel en Thys is te Worcester gehang waarna hulle koppe afgekap en op pale op die mees sigbare plekke in die Bokkeveld tentoongestel is.⁷⁵⁴ Wrede voorbedagte moorde het soortgelyke strawwe tot gevolg gehad. Die maag van Alyna van Boegies is, met dieselfde mes waarmee hy ‘n afgryslike moord gepleeg het, op die teregstellingsplek oopgesny, sy ingewande uitgehaal en in die see gegooi.⁷⁵⁵ Die moord op medeslawe is ook met die dood gestraf, alhoewel die prosedure relatief minder wreed en die genadeslag vinniger toegedien is.⁷⁵⁶

Baba- en kindermoord is swaar gestraf. Die slavin Susanna van Bengale wat haar pasgebore halfslag kind verwurg het, is op 13 Desember 1669 in ‘n sak gesit en in die Tafelbaaise see gegooi.⁷⁵⁷ Selfs ‘n poging tot moord is met die dood gestraf. ‘n Slaaf van Monado se regterhand is afgekap en op sy kop geplaas waarna hy in dié posisie gehang is.⁷⁵⁸ Selfmoord is met groot afkeur bejeen. Die liggaam van die slagoffer is gewoonlik vanaf die plek van selfmoord deur ‘n trekdier na die openbare teregstellingsplek gesleep waar dit onderstebo aan die bene opgehang is.⁷⁵⁹ Soms is selfmoordslagoffers se lyke in ‘n ystervarkgat gestop. In ‘n sekere sin was amok-hardloop ‘n vorm van selfmoord wat ook vir ander onskuldige persone lewensgevaar ingehou het en as sodanig swaar gestraf is. In die 1760’s was mevrou Kindersley

⁷⁵⁰ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 35; S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, pp. 2 - 6; R. Ross, The rule of law at the Cape of Good Hope in the eighteenth century, *Journal of Imperial and Commonwealth History IX*, pp. 5 - 16.

⁷⁵¹ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 92; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 432.

⁷⁵² R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos 9*, 1984, p. 67.

⁷⁵³ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 153.

⁷⁵⁴ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 339 - 340.

⁷⁵⁵ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 184.

⁷⁵⁶ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 346.

⁷⁵⁷ A.J. Böeseken, Die verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika aan die hand van die vroegste dokumente, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal 2*, November 1970, p. 17.

⁷⁵⁸ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 279.

⁷⁵⁹ *Ibid.*, pp. 68 en 77; H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1671 - 1674 and 1676, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 35; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 183 - 184.

met afgryse vervul oor die wrede doodstraf van 'n amok-hardloper slaaf wat sy as "the most cruel that could be invented by the art of man: a lingering death upon the rack, with the application of burning instruments in a manner too shocking to repeat" beskryf het.⁷⁶⁰ Volgens Hudson is die liggaam van 'n slaaf wat amok gehardloop en toe deur soldate doodgeskiet is, in stukke gesny en op pale in die buitewyke van Kaapstad opgehang.⁷⁶¹

Naas moord is verkragting ook met die dood gestraf. In 1713 is 'n slaaf wat 'n blanke verkrag het aan 'n kruis vasgebind, sy vleis uit vier verskillende plekke op sy liggaam met rooiwarm brandtange geknyp, sy liggaam op die wiel gebreek en so gelaat tot die dood ingetree het. Daarna is sy kop afgekap en op die plek van oortreding op 'n paal tentoongestel, terwyl sy liggaam na die openbare teregstellingsplek gebring is.⁷⁶² In 1705 is 'n slaaf wat 'n slawemeise verkrag het die doodvonnis opgelê.⁷⁶³ In sommige gevalle het seksuele verkeer met minderjariges tot verbanning uit die Kolonie gelei.⁷⁶⁴ Dade van bestialiteit en sodomie – die sogenaamde "stomme zonde" –⁷⁶⁵ is onverwyld, sonder verhoor, gevangenskap of seremonie met verdrinking gestraf, aangesien hierdie oortreders onwaardig was om voor 'n regter of predikant te verskyn.⁷⁶⁶ Sodra dit donker was, is oortreders onopsigtelik met 'n boot die see ingeneem en met gewigte wat aan hulle vasgebind is, deur die laksman oorboord gegooi.⁷⁶⁷ Hierdie waterdood is ook 'n oorblyfsel van 'n vroeëre simboliese reinigingsritueel.⁷⁶⁸

Geweld tussen slawe onderling was ook strafbaar. Op 14 Mei 1686 het die Politieke Raad 'n besluit geneem ingevolge waarvan 'n slaaf wat 'n swanger mede-Kompanjieslavin aangerand het, ten aanskoue van die ander Kompanjieslawe "strengelyk an een paal door caffers" gegeisel moes word.⁷⁶⁹

Aangesien die woonhuise in Kaapstad aanvanklik meesal strooidakke gehad en die sterk winde vure vinnig laat versprei het, het die inwoners voortdurend in vrees vir brande geleef. Verskeie plakkate is telkens uitgevaardig waarin swaar strawwe aan nalatige en moedswillige brandstigters voorgehou is.⁷⁷⁰ Oorspronklik was die straf vir brandstigterslawe lewendige

⁷⁶⁰ Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, p. 67.

⁷⁶¹ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 61.

⁷⁶² H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 256.

⁷⁶³ *Ibid.*, p. 78.

⁷⁶⁴ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 317.

⁷⁶⁵ D. Moodie (red.), *The Record, or a series of official papers relative to the condition and treatment of the native tribes of South Africa I*, p. 384; H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu*, pp. 70 - 71.

⁷⁶⁶ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 155; H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 310.

⁷⁶⁷ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 299, 310 en 334; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 183.

⁷⁶⁸ T. van der Meer, *Sodoms zaad in Nederland; het ontstaan van homoseksualiteit in de vroegmoderne tijd*, p. 207.

⁷⁶⁹ A.J. Böeseke, *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 129.

⁷⁷⁰ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 358.

verbranding.⁷⁷¹ As straf omdat hy in 1717 die parshuis van sy eienaar, Pieter van der Westhuizen, in die Tygerberg-omgewing aan die brand gestee het, is Aaron van Bengale aan 'n paal vasgemaak, geblaker, half verwurg en daarna lewendig verbrand.⁷⁷² In 1724 is 'n slaaf vir brandstigting sowel as 'n moordpoging tot die afkap van sy regterhand, verwurging en "verbranding op 'n stadige vuur" gevonniss.⁷⁷³ Die verbranding van 'n veroordeelde brandstigerslaaf is redelik volledig deur Kolbe in sy reisbeskrywing weergegee. Weens die feit dat hy 'n volle kwartier in die vlamme bly leef het, het Kolbe laat beseef dat "zyn lichaam niet verbrand maar gebraden is".⁷⁷⁴

As waarskuwing aan ander voornemende brandstigers, is die verbrande oorblyfsels van 'n veroordeelde slavin, wat regop met 'n ysterboei om haar nek aan 'n paal vasgeketting op 'n brandstapel verbrand is, in 'n pot geplaas en op 'n paal by die openbare teregstellingsplek tentoongestel.⁷⁷⁵ Radbraking sou mettertyd die mees algemene straf vir brandstigting word. Slawe wat in 1736 'n brand in Kaapstad gestig het, is almal die doodstraf opgelê. Vyf is deurboor of geëmpaleer, vier geradbraak, vier gehang en die twee slavinne stadig verwurg, terwyl die laksman se assistent 'n bondel brandende riete voor hulle gesigte gewaai het.⁷⁷⁶ In 1768 was Stavorinus 'n ooggetuie van die wrede straf wat 'n veroordeelde brandstigerslaaf moes verduur. Hy het die slaaf "levendig zien rabraaken, nadat men hem eerst op agt plaatsen met gloeiende tangen het vleesch uit zijn lijf gekneepen had ..."⁷⁷⁷ Ses slawe wat in 1803 'n brand in Stellenbosch gestig het waarin 24 huise in puin gelê is, het op 'n wrede wyse met hulle lewens vir die misdaad geboet. 'n Paar is lewendig verbrand, terwyl die ander met 'n byl onthoof is.⁷⁷⁸ 'n Bejaarde Malgassiese slaaf wat in die eerste helfte van die agtiende eeu die veld aan die brand gestee het om twee wolwe te verdryf, is tot lyfstraf vir sy "nalatige" optrede gevonniss.⁷⁷⁹

Die wegloop van slawe was 'n probleem wat die Kaapse owerhede reeds vroeg mee te kampe gehad het en dit sou met verloop van tyd die mees algemene misdaad word waaraan slawe hulle skuldig gemaak het.⁷⁸⁰ Op 28 Augustus 1658 is daar reeds in 'n resoluëie melding gemaak van die Guinese, sowel as Angolese slawe wat "tot het weghlopen even seer

⁷⁷¹ H.F. Heese, *Groep sonder grense*, p. 22 n32.

⁷⁷² K.A.B.: CJ. 784: Sententien, 1717; H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives to the Cape of Good Hope*, p. 272.

⁷⁷³ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives to the Cape of Good Hope*, p. 296.

⁷⁷⁴ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 439.

⁷⁷⁵ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 180.

⁷⁷⁶ O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, pp. 100 - 102; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 134; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 180.

⁷⁷⁷ J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 141.

⁷⁷⁸ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 128.

⁷⁷⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 163.

⁷⁸⁰ H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu*, p. 23.

genatureert ende genegen sijn”.⁷⁸¹ Weens die veiligheidsrisiko is wegloperslawe swaar gestraf. Naas felle lyfstraf, brandmerking en verminking het kettingboeie en tronkstraf van drie tot vyf jaar gewoonlik gevolg.⁷⁸² Op 26 Maart 1676 is Tomas van Makassar wat aan Jan Pietersz Broertje behoort het, vir sy “schelmachtigh weghlopen” gevonniss “om gegeeselt, gebrandmerckt, en ad vitam met een kettingh aan’t been aan d’ E. Compagnies gemeene wercken te arbeijden”.⁷⁸³ Jacob van Ceylon, ‘n slaaf van die voormalige sekunde Samuel Elsevier, wat in 1709 saam met 39 ander gedros het, is as straf op albei wange gebrandmerk en sy neus en ore afgesny.⁷⁸⁴ ‘n Resolusie van 1711 het bepaal dat verloopte Kompanjieslawe vir die eerste oortreding gegeeseld en op die een wang gebrandmerk, vir die tweede oortreding gegeeseld en op die ander wang gebrandmerk, en vir die derde oortreding “boven de geesseling, neus en ooren te doen afsnijden”.⁷⁸⁵ Soms is duime selfs afgekap en tonge uitgeskeur. Sedert 1715 is slawe wat gedros het twee-twee in kettings geslaan en moes hulle, hulle werk so in die gekettingde staat verrig.⁷⁸⁶ Weens die toename in verminke slawe en die afgryse en skok wat dit by Europeërs – veral swanger vroue wat sodanige slawe raakgeloop het – tot gevolg gehad het, is sigbare verminking sedert 1727 opgeskort. Slawe sou voortaan slegs op die rug gebrandmerk word.⁷⁸⁷ In 1715 het die Landdrost en Heemraden van Stellenbosch toestemming versoek om die hakskeensening van gedroste slawe af te sny.⁷⁸⁸

Slawe wat huisbraak gepleeg het, is gewoonlik gehang.⁷⁸⁹ In 1795 het De Jong die wrede straf wat ‘n groep boosdoenerslawe weens diefstal en huisbraak in Kaapstad ontvang het, beskryf:

... twee dezer misdadigers [wierden] op een kruis, dat maar weinig boven den grond verheven was, geledenbraakt en moesten toen dus blijven liggen, tot dat vijf anderen opgehangen en de overigen gegeeseld en gebrandmerkt waren, waarna men hun de hoofden afhiew, en die op palen achter de lijken stelden.⁷⁹⁰

Om verstaanbare redes was diefstal ‘n misdryf wat redelik algemeen deur slawe gepleeg is. In 1676 is twee slawe wat kool uit ‘n vryburger se tuin gesteel het, “geskroei” of geblaker, gebrandmerk, albei ore afgesny en beide in ysterboeie geslaan alvorens hulle na hulle meesters

⁷⁸¹ A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 165 - 166.

⁷⁸² *Ibid.* III, p. 140; *Ibid.* II, p. 132.

⁷⁸³ *Ibid.* II, p. 140.

⁷⁸⁴ H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu*, p. 211.

⁷⁸⁵ A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 227.

⁷⁸⁶ *Ibid.* IV, p. 452.

⁷⁸⁷ K.A.B.: C. 76: Resolusies, 1727-03-04.

⁷⁸⁸ J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *‘n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 109.

⁷⁸⁹ H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives to the Cape of Good Hope*, pp. 194 - 195, 262, 273 en 276.

⁷⁹⁰ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, II, p. 107.

teruggestuur is.⁷⁹¹ In 'n ander geval is kooldiewe gegesel, terwyl 'n paar koolkoppe om hulle nekke vasgebind was.⁷⁹² In 'n bisarre geval is 'n Oosterse slaaf wat in 1698 'n paar silwerknoppe van 'n vierjare burgerseuntjie gesteel het, ter dood veroordeel en sy lyk vir die roofvoëls gegooi.⁷⁹³ 'n Paar slawe wat in 1710 varke gesteel het, is op hulle rûe gegesel, 'n stuk van hulle neuse afgekap, op die regterwang gebrandmerk, terwyl hulle vir twee maande in kettingboeie moes werk.⁷⁹⁴ In 1728 is 'n paar slawe wat beste gesteel het, gehang.⁷⁹⁵ In 1722 het die Politieke Raad die gevalle van strandroof deur slawe as 'n "ingecankerent quaad" beskryf en wetgewing ingestel wat dit verbied het.⁷⁹⁶ Amptenare, burgers en slawe wat hulle aan die roof van ware op gestrande skepe skuldig gemaak het, sou gehang word. Die doodstraf moes op die plek van die misdaad voltrek word met 'n galg wat spesiaal vir dié omstandighede gemaak is.⁷⁹⁷

Soms is eienaars sowel as nie-eienaars vir die aanranding en mishandeling van slawe gestraf. 'n Matroos van die *Moercappel* is tot geseling gevonnisd nadat hy 'n Kompanjieslaaf met 'n mes aangerand het. Dieselfde vonnis het die Kompanjieslagter te beurt geval toe hy in 1693 die Kompanjieslavin, Anna van die Kaap, gewelddadig geslaan en mishandel het.⁷⁹⁸ Gottfried Meyhuysen van Drakenstein is in 1697 gevonnisd tot verblinding, verbeuring van al sy besittings en lewenslange verbanning na Robbeneiland omdat hy sy slaaf, Bastiaan van die Kanarakus, wreed geslaan en ook deur sy familie en ander slawe verder laat slaan het. Nadat Jan Schepping van Drakenstein sy slaaf Jan se rugvel met 'n roskam afgestroop het, is hy met 25 riksdalders beboet, terwyl die slaaf deur die Kompanjie gekonfiskeer is.⁷⁹⁹

Alhoewel slawe 'n klag teen 'n eenaar wat sy dissipline te ver gevoer het kon gaan lê, is die klagtes in baie gevalle nie ernstig opgeneem nie. Die apatie jeens slaweklagtes is heelwaarskynlik toe te skryf aan die talle gevalle waar kwaadwillige wrokkige slawe vals klagtes teen hulle meesters gelê het.⁸⁰⁰ Die slaaf is na sy meester teruggestuur om nogmaals aan beweerde magismisbruik blootgestel te wees.⁸⁰¹ Eienaars het op velerlei wyses die wette wat die regte van slawe beskerm het, omseil.⁸⁰² Nadat 'n tweede slaaf van Christoffel

⁷⁹¹ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1671 - 1674 and 1676, Précis of the Archives to the Cape of Good Hope*, p. 259.

⁷⁹² V. de Kock, *Those in bondage*, p. 184.

⁷⁹³ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 109.

⁷⁹⁴ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Journal, 1699 - 1732, Précis of the Archives to the Cape of Good Hope*, p. 237.

⁷⁹⁵ D.C. Bozarth, *Burger, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 352.

⁷⁹⁶ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 90.

⁷⁹⁷ *Ibid. II*, pp. 142 - 143.

⁷⁹⁸ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 110.

⁷⁹⁹ *Ibid.*, p. 111.

⁸⁰⁰ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 189; T.E. Colebrooke, *Miscellaneous essays by H.T. Colebrooke with life of the author 1818 - 1823, I*, p. 332.

⁸⁰¹ J.C. Armstrong, *Die slawe, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 103; K.A.B.: CJ. 784: Sententien, 1718-12-01.

⁸⁰² N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 113.

Groenewald in 1711 weens lyfstraf omgekom het, is hy steeds deur die owerhede onskuldig bevind.⁸⁰³ Slawe wat Jan Steenkamp in 1725 weens die dood van die slaaf Domingo by die fiskaal aangekla het, is gestraf, terwyl Steenkamp vrygespreek is. Nadat 'n tweede slaaf weens lyfstraf beswyk het, is Steenkamp slegs 'n ligte vonnis opgelê.⁸⁰⁴ Uit vrees vir die swaar strawwe wat hulle opgelê kon word weens vals aanklagte teen hulle meesters,⁸⁰⁵ was talle slawe huiwerig om dissiplinêre misbruike van hulle meesters te rapporteer.

Die swaar strawwe wat aan slawe opgelê is, moet binne die konteks van slawerny aan die Kaap gesien word. Tydens Kompanjiesbeheer was die Kaapse bevolking oorwegend uit slawe, gevangenes, politieke bannelinge, Khoikhoi-arbeiders, sowel as Kompanjieswerkers saamgestel wat in 'n groot mate tot die gevaarlike en onstabiele situasie aan die Kaap bygedra het. Slawe het die Europeërs in getalle oortref en weens die "geïnstituasioneerde barbarisme van die slaweregime"⁸⁰⁶ waarbinne hulle vasgevang was, was die gebrek aan morele verantwoordelikheid teenoor die gevestigde sosiale orde verstaanbaar. Die historikus Ross het in die verband geargumenteer: "It is against reason to suppose that a brutal society would not turn many of its members into brutes ..." en volgens hom was alle slawegemeenskappe in ekstreme mate brutaal.⁸⁰⁷ As sodanig was oortredings, sowel as strawwe gewelddadig. Net soos in die geval van ander slawegemeenskappe, het die aard van strawwe vir slawe aan die Kaap in direkte verband tot die mate waarin hulle oortredings die sosiale orde van die Kaapse gemeenskap bedreig het, gestaan.⁸⁰⁸ Om veiligheid en orde aan die Kaap te verseker, is dit logies dat slawe meesal swaarder en meer gereeld as die minderheid blankes en vryswartes gestraf is. As slawe is hulle wel deur die letter van die wet beskerm, maar in praktyk was dit nie altyd die geval nie. Hulle posisie as slawe en onvry wesens het hulle menswaardigheid aangetas en as sodanig aan onmenslike en genadelose strawwe blootgestel. Die Eerste Britse Besetting in 1795 sou egter 'n progressiewe verbetering in die lot van die Kaapse slawe teweeg bring, ook wat wetgewing en strawwe betref, totdat slawerny in 1834 amptelik (maar nie finaal) afgeskaf is. In 1796 is die gebruik van onmenslike metodes van die doodstraf afgeskaf, met slegs die galg wat oorgebly het.⁸⁰⁹ Tydens die Eerste Britse Besetting het Percival opgemerk dat die foltering van slawe om getuïenis en skulderkenning af te dwing, laat vaar is en die wrede vorme van doodstraf afgeskaf is,⁸¹⁰ terwyl die outeur van *Gleanings in Africa* in 1805 bevestig het dat "those horrid cruelties have been now laid aside"⁸¹¹ en Samuel Hudson in 1806 opgemerk het dat "the English ... have very humanly abolished the Torture

⁸⁰³ K.A.B.: C. 2421: Attestatiën, 1711-02-09.

⁸⁰⁴ K.A.B.: CJ. 329: Crimineele Processtukken, 1725; K.A.B.: CJ. 333: Crimineele Processtukken, 1729; K.A.B.: C. 83: Resolutiën, 1729-06-23.

⁸⁰⁵ S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 2; J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek I*, p. 573.

⁸⁰⁶ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 3.

⁸⁰⁷ *Ibid.*, pp. 1 en 3.

⁸⁰⁸ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 116 - 117.

⁸⁰⁹ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 525.

⁸¹⁰ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 297.

⁸¹¹ *Gleanings in Africa*, p. 65

and have removed the Gallows with its Wheels and its Racks that met the Eye of every stranger at Landing”⁸¹².

In 1813 is lyfstraf vir slavinne belet, die lyfstraf vir slawemans tot 39 houe beperk en die invryf van sout in geselwonde verbied. In 1816 is ‘n Beskermer van Slawe aangestel om noukeurig van elke slaaf rekord te hou.⁸¹³ Die omvattende Ordinansie 19 van die Proklamasie van 1823 het onder meer die lyfstaf van mansslawe tot 25 houe beperk,⁸¹⁴ lyfstraf vir slawe ouer as sestig jaar verbied en voorsiening vir die beskerming van slawe teen mishandeling deur eienaars gemaak.⁸¹⁵ In 1830 is slawe-eienaars deur die wet verplig om ‘n “Strafboek” aan te hou wat aan die inspeksie deur die Beskermer van Slawe onderhewig was.⁸¹⁶

Samevattend dui die voorafgaande daarop dat, alhoewel openbare wetgewing en wetstoepassing ten opsigte van slawe tydens Kompanjiesbeheer weens die onstabiele veiligheidsituasie uiters streng en ongenaakbaar was, daar beslis – danksy nuwe wetgewing – ‘n algemene verbetering in huishoudelike en openbare dissipline van die Kaapse slawe vanaf die Eerste Britse Besetting plaasgevind het.

Vrystelling en vrygesteldes

Kaapse slawe het twee opsies ten opsigte van hulle vryheid gehad, naamlik deur weg te loop of om amptelik vrygestel te word. Wat vrystelling van individuele slawe betref, het die *Statute van Indië*,⁸¹⁷ sowel as die regulasies wat deur kommissaris R. van Goens⁸¹⁸ en H.A. Van Rheede⁸¹⁹ neergelê is, as basiese riglyne gedien en deurgaans ‘n rol in die vrystelling van beide Kompanjie- en privaatslawe gespeel. As voorwaarde vir vryheid het Van Goens in 1682 bepaal dat voornemende vryslawe die Nederlandse taal moes kon praat, ‘n goeie begrip van moraliteit moes hê, die Christelike geloof moes bely en deur die kommissaris geïnspekteer moes wees.⁸²⁰ Tydens sy besoek in 1685 het kommissaris van Rheede die voorreg van vryheid vir getroue en hardwerkende Kompanjieslawe voorgelê.⁸²¹ Aangegryp deur die lot van die halfslag slawekinders van slawemoeders en Europeërvaders wat nie vir die sondes van hulle ouers verantwoordelik gehou kan word nie, het hy ‘n duidelike onderskeid in die

⁸¹² R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos* 9, 1984, p. 50.

⁸¹³ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 525 en 575.

⁸¹⁴ W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 27.

⁸¹⁵ W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, pp. 1 - 107; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 526.

⁸¹⁶ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 526.

⁸¹⁷ K.A.B.: C. 2322: Statuten van India, S - T.

⁸¹⁸ A.J. Böeseken (red.), *Memoriën in Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 158.

⁸¹⁹ A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap* 62, 1941, pp. 210 - 217.

⁸²⁰ A.J. Böeseken (red.), *Memoriën in Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 158.

⁸²¹ A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217.

vrystellingsregulasies van heerslag slawe en slawe van gemengde afkoms met Europeërvaders getref. Hy het onder meer bepaal dat manlike sowel as vroulike heerslag Kompanjieslawe na dertig jaar diens, en Kaapsgebore Kompanjieslawe op veertigjarige ouderdom hulle vryheid kon verkry.⁸²² Weens die lae lewensverwagting van die meerderheid Kompanjieslawe, was die kans op vryheid na dertig diensjare vir ingevoerde heerslag slawe uiters beperk. Volgens Shell het slegs drie ingevoerde losieslawe hulle vryheid op dié wyse bekom.⁸²³ Van Rheede het voorts bepaal dat voornemende vryslawe die Nederlandse taal magtig moes wees, die Christelike geloof moes bely, vir hulleself moes kan sorg sowel as 'n bedrag van 100 gulden as vergoeding vir versorging en opvoeding tydens hulle slaweskop aan die Kompanjie moes betaal.⁸²⁴ Slawe met Europeërvaders is bevoordeel, aangesien hulle reeds op 25-jarige ouderdom hulle vryheid kon verkry, terwyl slawemeisies van soortgelyke afkoms op 22 jaar vry sou wees. Hierdie bevoorregte slawe sou ook aan die vereistes van taal, godsdiens, goeie gedrag en die betaling van 100 gulde aan die Kompanjie moes voldoen alvorens hulle vrygestel sou word. Jonger slawemeisies van gemengde afkoms kon hulle vryheid verkry indien 'n voornemende blanke huweliksmaat 150 gulden aan die Kompanjie sou betaal.⁸²⁵

Uit voorafgaande blyk dit dat die basiese voorwaardes vir die vryheid van Kompanjieslawe soos deur Van Rheede neergelê, op ouderdom, rasseafkoms of somatiese faktore, geslag en getroue diens gebaseer was.⁸²⁶ Hiervolgens het die ingevoerde slawe van veral Afrika en Madagaskar die geringste kans op vryheid gehad, tweede generasie slawe 'n effe beter kans, terwyl halfslag of "mulat" slawe, weens die somatiese en kulturele voordeel, die beste kans gehad het. Daarbenewens het vroue en kinders 'n beter kans op vryheid gehad, terwyl meisies 'n nog beter kans as seuns gehad het. Manlike Kompanjieslawe het oor die algemeen 'n skrale moontlikheid van vryheid gehad. Halfslag slavinne het die beste kans gestaan indien hulle vaders vaderskap erken het. Shell het tot die gevolgtrekking gekom dat slegs 108 ingevoerde, Kaapsgebore sowel as halfslag Kompanjieslawe vrygestel is.⁸²⁷ Van dié halfslag slawe was onder meer drie Kompanjieslavinne, te wete Maria Schalck, Armosijn van die Kaap en Jannetjie Bort in die huishouding van Simon van der Stel wat deur hom op 8 Mei 1686 vrygestel is "ten ansien harer trouwe dienste ... en dies mee[r], dewyl alle drie *van Duijse vaders gegeneroerd* en 't Heilige Sacrament des Doops ontvangende hebben,"⁸²⁸ terwyl Dirk van die Kaap "van Duitse vader geteeld" op 30 Desember 1686 vrygestel is om hom "te laten

⁸²² A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217.

⁸²³ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 375.

⁸²⁴ A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217; A.J. Böeseke (red.), *Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 217.

⁸²⁵ A.J. Böeseke (red.), *Memoriën in Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, pp. 206 - 207; A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 210.

⁸²⁶ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 375.

⁸²⁷ *Ibid.*, pp. 376 - 377.

⁸²⁸ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 127 - 128.

genieten de voor-regten door syn geboorte en deses Commendements statuten hem Toekomende”.⁸²⁹

Tydens die Kompanjiesbewind is die vereistes vir die vrystelling vir alle Kaapse slawe telkens opgeskerp. In 1708 het kommissaris Joan Simons ooreenkomstig ‘n bepaling in die Statute van Batavia opdrag gegee dat privaateienaars voortaan hulle slawe slegs sou kon vrystel indien hulle ‘n waarborg kon aanbied wat verseker het dat vrygestelde slawe vir die daaropvolgende tien jaar nie as armlastiges deur die Diakonie van die Kaapse Kerk onderhou hoef te word nie.⁸³⁰ Dié borge moes hulle bereid verklaar om die vrygesteldes vir minstens ses jaar na vrystelling ten tye van siekte en nooddrijf te onderhou. Alle vrystellingsbriewe sou voortaan ook die name van een of meer borge moes bevat.⁸³¹ In 1722 het die Politieke Raad vereis dat ‘n eenaar reeds voor sy dood toestemming vir ‘n testamentêre vrystelling van die goewerneur en Politieke Raad moes verkry, terwyl die vereiste waarborgsom ook betaal moes word en die name van twee borge alle aansoeke om vrystelling moes vergesel.⁸³² Die hersiene *Statute van Indië* van 1770 het spesifieke regulasies met betrekking tot die moontlike vrystelling van slawe waarvan een ouer van Europese afkoms was, uitgevaardig.⁸³³ Sedert 1767 moes 20 riksdaalders deur ‘n eenaar in die armsorgfonds van die Kaapse Kerk gestort word alvorens ‘n slaaf vrygestel sou word.⁸³⁴ In 1777 is die bedrag na 50 riksdaalders verhoog en sou geen vrybrief uitgevaardig word alvorens ‘n kwitansie van die Diakonie nie aan die sekeretaris van die Politieke Raad getoon is nie.⁸³⁵ In 1783 het die Politieke Raad die waarborgtyd vir vrygestelde slawe van tien na twintig jaar verleng⁸³⁶ om “ten eynde diergelyke meenigvuldige vrygeevingen van slaven zo veel moogelyk tegen te gaan en voor het vervolg bezwaarlyker te maken”.⁸³⁷

Alhoewel wetgewing die voorwaardes vir die slaaf se toegang tot vryheid omskryf het, het die proses van vrystelling by die eenaar begin. Aan die Kaap was vryheid nie ‘n reg wat die slaaf by voorbaat besit het nie, maar ‘n voorreg en guns wat binne die huishouding deur die eenaar aan die slaaf verleen is.⁸³⁸ Dit het beide die Kompanjie, sowel as private slawe-eenaars behels.

-
- ⁸²⁹ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 152.
- ⁸³⁰ I.E. Edwards, *Towards emancipation: a study in South African slavery*, p. 29; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behorende II*, p. 235.
- ⁸³¹ J.L. Hattingh, *Slawevrystellings aan die Kaap tussen 1700 en 1720, Kronos 4*, 1981, p. 27.
- ⁸³² G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 208 - 209; J.A. van der Chijs (red.), *Nederlandsch-Indisch Plakkaatboek II*, p. 94; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson’s “Slaves”, *Kronos 9*, 1984, p. 64; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 346 - 347; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 95.
- ⁸³³ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 379.
- ⁸³⁴ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *‘n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 146.
- ⁸³⁵ *Loc. cit.*; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden* pp. 346; C. Spoelstra (red.), *Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika II*, p. 313.
- ⁸³⁶ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Archiefstukken lopende over het jaar 1783*, p. 207; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 200.
- ⁸³⁷ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 346 - 347.
- ⁸³⁸ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 394.

Vryheid deur die eienaar is onder meer bewerkstellig deur testamentêre bepalings,⁸³⁹ persoonlike welwillendheid en humanitêre oorwegings, soos getroue diens,⁸⁴⁰ die dood of vertrek van die eienaar, armoede of bankrotenskap van die eienaar,⁸⁴¹ 'n voorgenome huwelik met die eienaar,⁸⁴² sowel as 'n vrystellingsvoorwaarde deur die eienaar in 'n verkoops-ooreenkoms.⁸⁴³

Testamentêre bepalings was vir een vyfde van alle slawevrystellings verantwoordelik.⁸⁴⁴ Die testament van J.C. Visser het in 1696 bepaal dat Maria van Bengale en haar drie klein kinders hulle vryheid moes bekom en dat sy toegelaat moes word om haar besittings, kis en klere van die eiendom te verwyder.⁸⁴⁵ In die middel van die agtiende eeu is drie slawe wat aan Joachim von Dessin behoort het testamentêr vrygestel, aangesien hulle volgens hom "seedert eenen geruijmen tijd herwaards aan mij met uitterste vleijd en opregtheid beweesene en bevondene getrouwe diensten" gelewer het. Die legaat van 100 riksdaalders wat elk ontvang het moes dien "omme hunselven daarmee behoort te kunnen stabieleeren ..." ⁸⁴⁶ Sommige testamente het sekere voorwaardes en beperkinge op die vrygestelde slaaf geplaas. Die testament van Johanna Arendse het onder meer bepaal dat haar vrygestelde slawe haar dogter lewenslank moes dien, terwyl Christiaan Bok bepaal het dat een van sy drie slawe na sy dood eers vier jaar vir 'n ander burger moes werk voor sy vrystelling in werking sou tree.⁸⁴⁷ In die testament van Simon van der Stel, wat kort voor sy dood in 1712 opgestel is, is aan veertien van sy slawe hulle vryheid verleen.⁸⁴⁸ Hy het onder meer bepaal dat sy slavinn Anna Elizabeth van Boeton met sy afsterwe vrygestel sou word op voorwaarde dat sy met die reeds vrygestelde Octavio van Makassar trou.⁸⁴⁹ Aan Philip van die Kaap het hy die slaaf Lucas van Madagaskar bemaak, terwyl Philip en 'n paar van die ander elk tien koeie en verse sowel as twintig skape ontvang het.⁸⁵⁰ Christina Strand het in 1713 bepaal dat beide haar slawe, Titus van Batavia en Dorothea van Ambon, met haar afsterwe vrygestel moes word. Dorothea se

- ⁸³⁹ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 153; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 79; V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 199, 203 en 204; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 394 en 397; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 390.
- ⁸⁴⁰ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 199; A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 127 - 128 en 753; *Ibid.* IV, p. 203.
- ⁸⁴¹ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 154.
- ⁸⁴² *Ibid.*, p. 150; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 199.
- ⁸⁴³ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, I, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 457.
- ⁸⁴⁴ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 397.
- ⁸⁴⁵ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 172.
- ⁸⁴⁶ J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishou in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 61.
- ⁸⁴⁷ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, I, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 13 en 757.
- ⁸⁴⁸ A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders*, p. 220.
- ⁸⁴⁹ K.A.B.: CJ. 3025, fol. 21: *Transportenboek, 1710-12-06*.
- ⁸⁵⁰ A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders*, p. 220.

vrystelling sou voorts slegs kon realiseer indien sy haar aan die gesag van Titus sou onderwerp “als aan malkanderen beloften van trouw gedaan hebben”.⁸⁵¹ Die vrystelling van slawe as blyk van persoonlike welwillendheid deur eienaars was nie ongewoon nie. In 1691 is die 34-jarige Jacob van Malabar, wat sy eenaar vir veertien jaar getrou gedien het, vrygestel.⁸⁵²

Slawe kon ook hulle vryheid verkry deur vrygekoop te word. Hulle kon deur familielede, soos ouers of kinders, deur vry- of blanke voornemende huweliksmaats of deur hulleself vrygekoop word.⁸⁵³ By die vrykoop van kinders deur ouers was dit veral Europeërvaders wat hulle halfslag kinders by slavinne van dié se meesters gekoop het,⁸⁵⁴ terwyl ‘n hele aantal vryswartvroue hulle slawekinders se vryheid gekoop het.⁸⁵⁵ So het die vryswart vrou Griscella van die Kaap drie van haar kinders wat slawe in die losie was, vrygekoop.⁸⁵⁶ In die agtiende eeu het die vryslavin Sieta van Ternaten haar seun Jan van de Kaap vir 201 riksdalders van sy eenaar, Joachim von Dessin vrygekoop,⁸⁵⁷ terwyl ‘n vryswartmoeder haar dogter in 1827 vir f 15 van die handelaar Hamilton Ross vrygekoop het. Ook mansslawe het hulle kinders vrygekoop. In 1687 het die vryswart Francois van Macao ‘n versoek aan die Politieke Raad gerig vir die vrystelling van sy driejarige seun by die Kompanjieslavin, Cingala van Madagaskar.⁸⁵⁸ In 1699 het Jacob van Makassar sy seun, Jacob van die Kaap, vir 100 riksdalders van die Kompanjie vrygekoop.⁸⁵⁹ Wat die vrykoop van ouers deur kinders betref, het Mentzel onder meer melding gemaak van ‘n slavin wat haar vader teen 24 riksdalders vrygekoop het.⁸⁶⁰

Jong slawemeisies en volwasse slavinne van die Kompanjie of privaateienaars kon hulle vryheid verkry deurdat hulle voornemende huweliksmaats ‘n bepaalde bedrag aan die Kompanjie of eenaar betaal het.⁸⁶¹ Maria van Bengale is in 1658 deur haar voornemende

⁸⁵¹ J.L. Hattingh, Slawevrystellings aan die Kaap tussen 1700 en 1720, *Kronos* 4, 1981, p. 34.

⁸⁵² A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 158.

⁸⁵³ D.C. Bozarth, *Burger, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 393; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 384 en 392; H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, II, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 464, 484 en 616; *Ibid. I*, p. 394; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 199.

⁸⁵⁴ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description the Cape of Good Hope II*, p. 131.

⁸⁵⁵ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, II, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 446, 484 en 605; A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 203.

⁸⁵⁶ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 210.

⁸⁵⁷ J.L.M. Franken, ‘n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 61.

⁸⁵⁸ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 154.

⁸⁵⁹ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 190.

⁸⁶⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 131; *Ibid. III*, pp. 163 - 164.

⁸⁶¹ A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217; A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 78.

No.	Name.				
Date.	Sums received and paid,—in words.	£	s.	d.	Manager's Signature.
<p><i>The Freeblack Francina of the Cape.</i></p> <p><i>purchase her husband David, Slave of Mr. Jacob Van Reenen & Son, is follows.</i></p> <p><i>paid Cash by Francina £ 800.</i></p> <p><i>by a Mutual Bond backed by her in favor of the Seller dated the 17th November 1831. " 500.</i></p> <p style="text-align: right;"><i>£ 1300</i></p> <p><i>November 17th 1831 Settles</i></p>					

Figuur 44: Dokumentêre bewys van die vryslavin Francina van die Kaap wat in 1831 haar man David, 'n slaaf van Jacob van Reenen, vrygekoop het.

Parlementsbiblioteek, Kaapstad.

Mendelssohn-versameling no. 15702.

eggenoot, die vryburger Jan Sacharias van Amsterdam, vrygekoop,⁸⁶² terwyl Arnoldus Willemsz Basson in 1669 sy voornemende bruid, die slavin Angela van Bengale, vrygekoop het.⁸⁶³ Dit was veral enkellopende Duitse mans wat slavinne, met die oog op 'n huwelik, vrygestel het. Hierdie tipe vrystelling staan as *manumissio censo* bekend, aangesien die slaaf na sy vrystelling as 'n volwaardige en vry burger van die land geregistreer is.⁸⁶⁴ Vryswartes het ook hulle toenmalige en toekomstige huweliksmaats vrygekoop⁸⁶⁵ (Fig. 44).

Met voldoende geld of besittings kon 'n slaaf sy eie vryheid koop.⁸⁶⁶ Volgens die *Requesten en Resolusies van die Politieke Raad* was dit veral Kompanjieslavinne wat versoeke om hulleself vry te koop aan die owerhede gerig het.⁸⁶⁷ Kompanjieslawe wat dit kon bekostig, moes die normale vrykoopsbedrag van 100 gulden betaal,⁸⁶⁸ terwyl slawe wat nie aan die neergelegde vereistes vir vryheid voldoen het nie, toegelaat is om 'n ander slaaf in ruil vir hulle vryheid aan te bied.⁸⁶⁹ Eers na 'n deeglike ondersoek deur die Kompanjiedokter is die substituutslaaf aanvaar. In 1764 het Anna van die Kaap, wat 'n matrone in die losie was, die jeugdige Cupido van Bengale in ruil vir haar vryheid aangebied, terwyl die slaweseun, Malda van Timor, in 1742 as plaasvervanger vir die veertienjarige Kompanjieslavinnetjie, Cecilia, se vryheid aangebied is.⁸⁷⁰ Wat slawe in privaatbesit betref, het die vrykoopsbedrag verband gehou met die waarde wat hulle meesters aan hulle geheg het. Volgens Teenstra was die deugszaamheid van 'n slaaf op sigself 'n struikelblok in die bereiking van vryheid, aangesien "hoe meer deugden een paard bezit, des te duurder is deszelfs prijs". Weens hulle hoë monetêre waarde het goeie slawe dit dus baie moeilik gevind om hulleself vry te werk. Inderdaad 'n "ijsselijke tegenstrijdigheid van braafheid en vrijheid".⁸⁷¹ Dit was veral die "koeligeldsoekers", soos ambagslawe wat toegelaat is om op 'n semi-onafhanklike basis geld te verdien, wat uiteindelik in staat was om hulle vryheid te koop.⁸⁷² In dié opsig was dit veral die Maleierslawe wat deur toegewyde en harde arbeid genoeg geld gespaar het om hulle

- ⁸⁶² A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 157.
- ⁸⁶³ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 80 en 124.
- ⁸⁶⁴ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 372 en 392.
- ⁸⁶⁵ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, II, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 616, 464 en 484; *Ibid. I*, p. 394.
- ⁸⁶⁶ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 199.
- ⁸⁶⁷ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 397; A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 323.
- ⁸⁶⁸ G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 89.
- ⁸⁶⁹ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 375; E.C. Godée Molsbergen, *Hottentotten, slaven en blanken in Compagniestyd in Zuid-Afrika*, pp. 108 - 109; H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, I, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 7 en 263; *Ibid. II*, p. 607.
- ⁸⁷⁰ H.C.V. Leibbrandt (red.), *Requesten, 1715 - 1806, I, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 11; R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 153.
- ⁸⁷¹ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 346.
- ⁸⁷² A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 16; R.C.-H. Shell, *Introduction to S.E. Hudson's "Slaves"*, *Kronos* 9, 1984, p. 60.

vryheid te kon koop,⁸⁷³ terwyl die slawe afkomstig van Indië ook met ywer vir hulle vryheid geaspireer het. In 1680 het Maria van Bengale haar vryheid teen 40 riksdalders gekoop.⁸⁷⁴ Jan van Ternate is in 1685 teen betaling van 60 riksdalders deur Barbara Geens vrygestel,⁸⁷⁵ terwyl Jan van Malabar in 1688 127 riksdalders in die boedel van sy oorlede meesteres inbetaal het, nadat hy tydens 'n veiling op homself gebie en toe vrygekoop het. In 1689 het Domingo van Bengale vir 100 riksdalders sy vryheid van Matthijs Greeff gekoop, terwyl Lovij van Makassar in 1692, 150 riksdalders vir sy eie vryheid, sowel as dié van sy vrou en vier kinders betaal het. Cecilia van Timor het 80 "vrykoopspenninge" aan Hendrik Harts vir haar vryheid betaal.⁸⁷⁶

Nog 'n wyse waarop slawe hulle vryheid kon verdien, was deur die blootlegging van 'n misdaad⁸⁷⁷ of deur buitengewoon heroïese optrede.⁸⁷⁸ Gewoonlik was dit verpligte vrystellings. In 1760 is 'n slaaf wat vir die inhegtenisneming van 'n bende kwaaddoenerslawe verantwoordelik was deur die Politieke Raad met sy vryheid beloon.⁸⁷⁹ In die vroeë negentiende eeu het Percival melding gemaak van 'n bejaarde Malabarslaaf wat 'n Maleierslaaf met 'n byl doodgekap het nadat die Maleierslaaf sy meester en meesteres met 'n byl gedood het. Vir sy optrede is die Malabarslaaf deur die owerhede met sy vryheid, sowel as 100 dollar (rikdalders) beloon.⁸⁸⁰ In 1807 is 'n versoek gerig vir die vrystelling van 'n slaaf wat sy eie lewe in gevaar gestel om dié van sy meester te red.⁸⁸¹

Met die bestudering van slawevrystellings aan die Kaap tree bepaalde tendense en patrone na vore. In sy deeglik nagevorsde studie oor die onderwerp het Shell drie periodes in die demografiese geskiedenis van slawevrystellings aan die Kaap onderskei. Die eerste periode strek vanaf 1658 tot 1685 en is gekenmerk deur die vrystelling van bywywe en voornemende huweliksmats en hulle kinders deur oorwegend vry enkelopende eerste-generasie manlike koloniste van veral Duitse afkoms.⁸⁸² Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan die tekort aan hubare Europeërvroue in die tyd.⁸⁸³ Die tweede periode van 1686 tot 1808 is gekenmerk deur die vrystelling van soogvroue en hulle kinders. Weens hulle noue verbintenis met die familie waarbinne hulle bevind het, was hulle kanse beter om vrygestel te word. Die tydperk van 1809 tot 1834 is gekenmerk deur die drastiese afname in die vrystelling van veral vrugbare

⁸⁷³ R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

⁸⁷⁴ G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape of Good Hope from 1651 - 1687*, p. 186; A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 323.

⁸⁷⁵ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 143.

⁸⁷⁶ *Ibid.*, p. 85.

⁸⁷⁷ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 246; S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek IV*, p. 28; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 19; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 271.

⁸⁷⁸ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Archiefstukke lopende over het jaar 1782, II*, pp. 58 - 59; W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 19.

⁸⁷⁹ K.A.B.: C. 138: Resolutiën, 1760-06-10 en 1760-08-19.

⁸⁸⁰ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 290 - 291.

⁸⁸¹ V. de Kock, *Those in bondage*, p. 211.

⁸⁸² R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 384, 388 en 392.

⁸⁸³ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 458; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 386.

slavinne en hulle kinders, terwyl die vrystelling van ouer slawe en slavinne voortgesit is. Met die beëindiging van die oorsese slawehandel in 1808 is Kaapse slawe-eienaars afgesny van die voorsiening van ingevoerde slawe en kon die vrystelling van vrugbare slavinne, wat die belangrikste bron van Kaapse slawe geword het, nie bekostig word nie.⁸⁸⁴ Aangesien minder volwasse slavinne sowel as slawemans na 1808 vrygestel is, het die bejaarde slawe nou 'n groter deel van die totale aantal vrygestelde slawe uitgemaak, al het die aantal vrystellings van ouer slawe dieselfde gebly.

'n Tendens wat duidelik uit Kaapse slawevrystellings blyk, is dat meer slawe in die stedelike as plattelandse gebied vrygestel is. Hierin het die meerderheid vryswartes wat hulle na 1706 om ekonomiese redes in Kaapstad gevestig het, 'n belangrike rol gespeel. Alhoewel die vryswartes 'n minderheidsgroep was, was hulle vir 18% van die totale aantal vrygestelde slawe aan die Kaap verantwoordelik. Daarteenoor het die Kompanjiesamptenare 30% vrygestel, die Kompanjie 6,5% van alle losieslawe en die burgers wat teen 1795, 93% van alle Kaapse slawe besit het, 33,8%.⁸⁸⁵ Nog 'n tendens wat na vore tree, is dat welgestelde koloniste die meeste slawe vrygestel het. Die korrelasie tussen rykdom en ouderdom dui aan dat die gemiddelde ouderdom van slawevrystellers aan die Kaap 55 jaar was.⁸⁸⁶

Wat die vrystellingspatrone van die onderskeie slawegroepe behels, blyk dit dat Kaapsgebore "mulat" slawe, en meer bepaald die slavinne in stedelike gebied, regdeur die tydperk van slawerny aan die Kaap die beste kans op vrystelling gehad het, aangesien hulle somaties, biologies en kultureel die naaste aan hulle eienaars was. Sommige was selfs die direkte afstammeling van die eienaar. Hierdie huisgebore slawe wat die eienaar se taal kon praat, was beslis goeie kandidate vir vrystelling.⁸⁸⁷ Daarna het die heerslag Kaapsgeborenes en Asiatische slawe gevolg, terwyl die slawe van Madagaskar en Afrika laaste op die lys was. Die lae vrystellingskoers van Malgassiese slawe is waarskynlik toe te skryf aan die arbeidsintensiewe landbou-ekonomie van die Kaapse akkerbougebied, alhoewel somatiese faktore nie buite rekening gelaat kan word nie.⁸⁸⁸

'n Verdere tendens wat afgelei word, is dat eienaars wat hulle slawe vrygestel het oorwegend eerste generasie vryswartes en koloniste was. Dit blyk voorts dat beide slawe en slavinne 'n beter kans op vryheid tydens die aktiewe slawehandel tot 1808 gehad het.⁸⁸⁹

In vergelyking met al die ander Nederlandse kolonies het die Kaap die laagste vrystellingsyfer van slawe gehad.⁸⁹⁰ Die gemiddelde vrystellingskoers tydens Kompanjiesbewind was so laag

⁸⁸⁴ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 384, 385 en 387.

⁸⁸⁵ *Ibid.*, pp. 388 - 389; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 150.

⁸⁸⁶ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 389 - 390.

⁸⁸⁷ *Ibid.*, p. 392; A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 217.

⁸⁸⁸ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 150 en 155.

⁸⁸⁹ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 387 - 392.

⁸⁹⁰ *Ibid.*, p. 383.

as 0,165 persent van die totale Kaapse slawebevolking.⁸⁹¹ Tussen 1715 en 1791 het net oor 'n duisend vrystellings in die kolonie plaasgevind.⁸⁹² In die 1770's het Thunberg opgemerk: "Slaves are very seldom enfranchised."⁸⁹³ Dit is een van die redes waarom die vryswart bevolking aan die Kaap bra klein was in vergelyking met dié van Spaans- en Portugees-Amerika.⁸⁹⁴

Met die *vrijbrief* in sy hand was die Kaapse slaaf wettig vry,⁸⁹⁵ maar ook in dié opsig was vryheid 'n relatiewe begrip. Alhoewel wettig was sommige vrystellings voorwaardelik en is slawe soms deur sekere bepalinge in die vrykoopakte gebind. As sodanig kon talle slawe nie onmiddellik volkome vryheid geniet nie. Met die vrystelling van Angela van Bengale in 1666, het haar eienaar Abraham Gabbema bepaal dat sy na sy vertrek eers ses maande vir haar toesighouer Thomas Christoffel Muller moes werk, alvorens sy volkome vry sou wees.⁸⁹⁶ Talle vrygestelde slawe is in vrykoopaktes verplig om hulle eienaar en dié se familie na hulle vryheid steeds te gehoorsaam en te eerbiedig.⁸⁹⁷ In 1687 het Henning Hüsing die slaaf, Isak van Tenate, vrygestel op voorwaarde dat hy Hüsing nog vir 'n verdere vier jaar en agt maande getrou moes dien.⁸⁹⁸ Pieter van die Kaap is in 1694 deur die weduwee Christina Does vrygestel op voorwaarde dat hy vir ses jaar by haar seun, Abraham Diemer, en skoonseun, Joan Blesius, in diens moes bly waarna hy 150 gespeende ooie sou ontvang.⁸⁹⁹ Met die vrystelling van sy slaaf, Isak van Madagaskar, in 1710 het Jacobus van der Heyden bepaal dat dié slaaf hom nog getrou teen 'n loon van ses gulde per maand sou dien. Eers wanneer die maandelikse loon tot £200 aangegroei het, kon hy die volle som ontvang en daarna sy vryheid na sy eie goeiegunne geniet.⁹⁰⁰ Die weduwee Alders het selfs bepaal dat die slavin Lena eers volkome vry sal wees na tien jaar diens aan haar en haar kinders, terwyl Casper Schalker in 1761 daarop aangedring het dat sy slaaf, Thomas van Boegies, slegs vrygestel kon word indien hy na sy vrystelling in diens van Schalker sou bly tot dié te sterwe kom.⁹⁰¹

Wat die amptelike afskaffing van slawerny aan die Kaap betref, is die laaste fase van slawerny met die Britse bewindsoorname in 1795 ingelui. In 1787 is die *Anti-Slave Trade Committee* in Brittanje gestig met die doel om alle slawehandel afgeskaf te kry. In 1808 is alle oorsese slawehandel deur die Britse Parlement verbied. In 1823 is die *Anti-Slavery Society* in Brittanje

-
- ⁸⁹¹ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 146.
- ⁸⁹² N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 64.
- ⁸⁹³ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 52.
- ⁸⁹⁴ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 146.
- ⁸⁹⁵ H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 753.
- ⁸⁹⁶ A.J. Böesecken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 79.
- ⁸⁹⁷ J.L. Hattingh, *Vryswartes van Stellenbosch 1679 - 1720*, p. 41.
- ⁸⁹⁸ A.J. Böesecken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 150 en 161.
- ⁸⁹⁹ *Ibid.*, p. 165.
- ⁹⁰⁰ J.L. Hattingh, Slawevrystellings aan die Kaap tussen 1700 en 1720, *Kronos* 4, 1981, p. 33.
- ⁹⁰¹ H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 1090.

gestig om die algehele afskaffing van slawerny in die Britse Ryk te bewerkstellig.⁹⁰² Danksy dié doelgerigte en aktiewe veldtog van die filantropie is die Emansiepasiawet in 1833 deur die Britse Parlement aangeneem. Hiervolgens was alle slawe aan die Kaap vanaf 1 Desember 1834 wettig vry. Alhoewel dié wet slawerny wettig opgehef het, is dit onder die dekmantel van “vakleerlingskap” met vier jaar tot 1 Desember 1838 verleng.⁹⁰³ Hierdie vakleerlingskap het basies op ‘n inboekstelsel neergekom⁹⁰⁴ en het weinig verandering in die daaglikse lewe van die meerderheid “bevryde” slawe gebring. Dit was daarop gemik om slawe in dié oorgangstyd op arbeidsgebied voor te berei vir ‘n latere produktiewe lewe in volwaardige vryheid, terwyl dit ook die aanpassingsfase vir die loonarbeiderstelsel was. Die doelgerigte veldtog teen slawerny in Brittanje het opeenvolgende hervormingswette aan die Kaap tot gevolg gehad wat die regte van slawe in ‘n toemende mate beskerm het en na veertig jaar van Britse bewind tot die emansipasie van alle Kaapse slawe (ongeveer 36 000) gelei het.⁹⁰⁵ Die afskaffing van slawerny het in ‘n groot mate tot die verarming van burgers in Kaapstad en die akkerboustreke aanleiding gegee,⁹⁰⁶ wat talle genoodsaak het om na die binneland uit te wyk.⁹⁰⁷ Daarbenewens was die “ergerlike” hervormingswette ten opsigte van slawe sowel as die owerheid se kompensasiovoorstelle, die gevolge en die lomp implementering daarvan een van die belangrikste beweegredes vir die Groot Trek.⁹⁰⁸

Vir die slawe het vrystelling ‘n nuwe lewe van relatiewe vryheid beteken. Slawe wat voor die amptelike vrystelling van alle slawe in 1834 individueel vrygestel is, het as “vryswartes” (*vrijzwarten*) bekend gestaan. Die term “vryswarte” het spontaan aan die Kaap ontwikkel en het letterlik “vrijgelaten swart” beteken.⁹⁰⁹ Die vryswartes of “mardijkers” in Oos-Indië het van die Kaapse vryswartes verskil in die sin dat hulle wel vir hulle arbeid in ‘n vreemde land beloon is. Benewens vrygestelde slawe en hulle nakomeling was die Kaapse vryswart gemeenskap ook uit ‘n klein groepie Oosterse setlaars, invloedryke Oosterse politieke bannelinge en ‘n aansienlike groep Oosterse bandiete saamgestel.⁹¹⁰

Na hulle vrystelling het die meeste vryswartes hulle in Kaapstad gevestig waar hulle oorwegend ambagslui was en die Moslemgeloof bely het. Die aantal eerste-generasie vryswartes in Kaapstad was beperk. Teen die einde van die sewentiende eeu was daar slegs veertig, maar gedurende die agtiende eeu het ‘n toename in vryswartes plaasgevind wat hulle

⁹⁰² C.F.J. Muller (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 143.

⁹⁰³ E. Mayson, *Fortunate slaves and artful masters*, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 67; N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 107.

⁹⁰⁴ C.F.J. Muller (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 143.

⁹⁰⁵ C. Saunders, *Between slavery and freedom*, *Kronos* 9, 1984, p. 37; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 526.

⁹⁰⁶ F. Krauss, *A description of Cape Town and its way of life, 1838 - 40*, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 21(2), 1966, pp. 41 - 42.

⁹⁰⁷ Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), pp. 20, 32 en 46.

⁹⁰⁸ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 526 - 527.

⁹⁰⁹ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 77.

⁹¹⁰ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *‘n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 157 - 159.

getalle teen 1773 op ongeveer 350 te staan gebring het.⁹¹¹ Volgens Elphick en Shell het die vryswartes in die agtiende eeu vyftien tot twintig persent van die vrybevolking verteenwoordig.⁹¹² Uit die navorsing van Hattingh blyk dit dat sewentien vryswartes in die tydperk 1652 tot 1710 grondbesitters in Tafelvallei was.⁹¹³ Alhoewel 'n paar vryswartes in die sewentiende eeu grond in die Stellenbosch-omgewing ontvang het,⁹¹⁴ was die getalle vryswartes wat hulle as boere op die platteland bevind het, beperk. Teen 1688 was daar slegs ses vryswartgesinne in die Stellenbosch-distrik wat vee besit of oeste op die lande gehad het. Slegs twee of drie vryswartboere, soos Anthony van Angola en Jan van Ceylon, was voorspoedig met die boerdery en teen 1690 was byna almal terug in die Kaapse distrik.⁹¹⁵

Die posisie waarbinne vryswartes hulle in die agtiende en negentiende eeu bevind het, is deur matige diskriminasie en segregasie gekenmerk.⁹¹⁶ Aan die Kaap is die Romeinse voorbeeld gevolg deur 'n onderskeid tussen vrygebore en vrygestelde burgers te tref. Die gebrek aan aansoek om burgerskap deur vryswartes in die *Requesten* van 1715 tot 1795, dui daarop dat vryswartes tydens Kompanjiesbeheer nie burgerskap gehad het nie.⁹¹⁷ Vrygestelde mansslawe het hulle vryheid met 'n groot agterstand begin weens faktore, soos vooroordeel, armoede, die gebrek aan toegang tot krediet en die probleem om 'n winsgewende werk in die Kaapse ekonomie te vind. Vryswartes is selfs deur die Burgerraad verbied om braaibrood en koek op straat te verkoop. Alhoewel hulle wel toegelaat is om grond te koop en verkoop, het vryswartboere, weens die gebrek aan kapitaal, 'n sukkelbestaan gevoer en was die see byna die enigste bron van inkomste.⁹¹⁸ Waar vryswartes tydens die VOC-beheer wel die reg op grondbesit gehad het, kon hulle tydens die Britse bewind slegs met spesiale toestemming van die goewerneur grond koop.⁹¹⁹ Daarbenewens was die gemiddelde waarde van eiendomme in Kaapstad wat aan vryswartes behoort het, laer as dié van die ander burgers.⁹²⁰ Alhoewel hulle bekwame vakmanne en kleinhandelaars was, kon hulle egter nie aansienlike rykdom en dieselfde status as Europeërs aan die Kaap bereik nie.⁹²¹

Vryswartes was wel vry om vee en slawe te besit, kon van die regstelsel gebruik maak, was geregtig op toegang tot kerkdienste en sakramente van die doop en nagmaal, 'n kerklike

⁹¹¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 146.

⁹¹² R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 160.

⁹¹³ J.L. Hattingh, Grondbesit in die Tafelvallei. Deel 1: Die Eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710, *Kronos* 10, 1985, p. 47.

⁹¹⁴ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 161.

⁹¹⁵ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 145 - 146; R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 162.

⁹¹⁶ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 156.

⁹¹⁷ *Ibid.*, p. 157; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 146.

⁹¹⁸ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 393.

⁹¹⁹ G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXVIII*, pp. 36 - 40; *Ibid.* XXXV, p. 138.

⁹²⁰ K.A.B.: MOOC. 8/1 - MOOC. 8/22: Inventarissen, 1685 - 1800.

⁹²¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 146.

huweliksbevestiging, kon na hulle geboorteland terugkeer indien hulle dit kon bekostig en was ook geregtig op die dra van vuurwapens.⁹²² Op grond van die feit dat vryswartes “al die regte en voorregte van burgers geniet het”, het ‘n proklamasie van 1752 vryslawe verplig om belasting te betaal.⁹²³ Vryswartes is ook in ‘n burgerlike brandbestryderskorps georganiseer.⁹²⁴

Vryswartes is nie in alle opsigte as gelykes van die Europeërs beskou nie. In 1722 is hulle van die burgermag uitgesluit en saam met die vry Chinese van Kaapstad in ‘n afsonderlike kompanjie onder bevel van vryswart offisiere georganiseer.⁹²⁵ Hulle pligte het van dié van manlike vryburgers verskil deurdat hulle nie wapens gedra het nie, vure moes blus en die plundering van skeepswrakke moes verhoed – ‘n ironiese situasie, want brandstigting en plundery is oortredings wat oor die algemeen met slawe geassosieer is.⁹²⁶ In 1806 het hierdie verdedigingsmag, wat toe uit twee artillerie-kompanjies bestaan het, en as die Javaanse Artillerieë bekend was, die Kolonie met volle oorgawe teen die Britse invalsmag verdedig.⁹²⁷ Wat die straf van sekere oortredings betref, is vryswartes soms oor dieselfde kam as slawe geskeer. In 1738 het drie vryswartes en drie slawe dieselfde vonnis vir die verbreking van die aandklokke ontvang. Talle plakkaate van die 1770’s het swaarder strawwe aan vryswart-oortreders as aan burgers voorgehou. In 1771 het ‘n plakkaat wat die koop van klerasie van Kompanjieslawe belet het, dieselfde straf vir slawe en vryswartes voorgehou.⁹²⁸ In 1765 is daar beperkings op die kleredrag van vryswartvroue geplaas wat hulle verbied het om kleurvolle syklere, hoepelrokke, duursame kant, getooide kappies, gekulde hare of oorbelle in die openbaar te verskyn.⁹²⁹ Daarbenewens was vryswartes voortaan slegs op beperkte armsorg van die Kaapse Kerk geregtig.⁹³⁰ Die meeste vryswartes het bystand en steun van die Kaapse Moslemgemeenskap ontvang van wie baie self slawebesitters en -vrystellers was.⁹³¹ Aangesien Moslemhuwelike nie deur die owerheid erken is nie, is kinders van vryswartes uit dié huwelike as buite-egtelike beskou en as sodanig nie geskik vir administratiewe of dergelike poste nie.⁹³² Huwelike tussen vryburgers en vryswartvroue is wel toegelaat, waardeur vryswart-huweliksmaats makliker in die vryburgergemeenskap opgeneem is.⁹³³ Sodanige huwelike is hoofsaaklik gedurende die sewentiende eeu aan die Kaap voltrek. Sedert die 1790’s is die reg op vrye beweging aangetas deurdat vryswartes verplig is om voortaan ‘n pas te dra indien

-
- ⁹²² R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *‘n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 156 - 157.
- ⁹²³ K.A.B.: 1/STB 10/3: Brief van Goewerneur Tulbagh aan die Landdrost en Heemraden van Stellenbosch, 1752-06-06; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 239.
- ⁹²⁴ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *‘n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 156.
- ⁹²⁵ K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 90 - 94.
- ⁹²⁶ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 70.
- ⁹²⁷ A. Davids, *The mosques of Bo-Kaap*, p. 47.
- ⁹²⁸ S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 80.
- ⁹²⁹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 147; S. D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 62.
- ⁹³⁰ M.M. Marais, Armsorg aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1943, pp. 62 - 64.
- ⁹³¹ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 393.
- ⁹³² N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 147.
- ⁹³³ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 78, 80 en 81.

hulle Kaapstad sou verlaat.⁹³⁴ In 1828 is die beperking ten opsigte van vrye beweging, verpligte brandweerdienste en die lastige nagtelike ondervragings deur die polisie beëindig.⁹³⁵ Talle Suid-Afrikaners is vandag die nageslag van vryswartes wat aanvanklik as slawe na die suidpunt van Afrika gebring is. Sommige het in slawerny gesterf, terwyl ander selfs binne 'n enkele geslag vrygestel is.⁹³⁶ Soos blyk uit voorafgaande, was die vryheid van vrygestelde slawe 'n relatiewe begrip. Alhoewel hulle wettig vry was na vrystelling, het bepalings in die vrykoopaktes, sowel as algemene diskriminasie 'n ander vorm van gebondenheid behels. Vrygestelde slawe was nie as volwaardige inwoners of burgers gereken nie, maar as *libertus* of *liberta*, met ander woorde vrygestelde persone. Daarenteen is die vrygestelde huweliksmaats van Europeërmans na vrystelling as volwaardige burgers geregistreer⁹³⁷ en in die vryburgergemeenskap opgeneem, soos die geval met Maria van Bengale en Angela van Bengale⁹³⁸ was.

Vir vryswartes was die besit van slawe 'n waardevolle belegging.⁹³⁹ In 1735 het 132 vryswartes 139 slawe besit waarvan minstens 69 volwasse slawemans was.⁹⁴⁰ Slawe wat na hulle vrystelling grond sowel as slawe of knegte besit het, was onder meer Angela van Bengale, Domingo van Bengale, Louis van Bengale,⁹⁴¹ Coridon van Ceylon,⁹⁴² Claas Gerritz van Bengale,⁹⁴³ Antony van Angola en Manuel van Angola.⁹⁴⁴ Die merkwaardige Angela of Ansiela van Bengale het kort na haar vryheid op 13 April 1666 'n stukkie grond in Heerestraat (tans Kasteelstraat) bekom waarop sy 'n klein huisie gebou en groente aangeplant het wat sy op 'n winsgewende basis aan besoekende skepe te verkoop het. Vanaf 29 Maart 1668 het sy die slaaf Scipio Africanus van Malabar van Robert Carus gehuur. In 1698 en 1700 het sy onderskeidelik die slawe Pieter van Malabar en Arend van Bengale aangekoop. Na die dood van haar vryburgerman Arnoldus Willemsz Basson in 1689, het sy sy boedel van 6 495 gulden uiters bekwaam bestuur. In 1702 het sy vol-eienaarskap van die stukkie grond in Heerestraat verkry, terwyl sy ook die plasie *Hondswijk* bekom het. Met haar afsterwe in 1720 was haar boedel ongeveer 14 808:3 gulden sterk⁹⁴⁵ en was sy onder meer in besit van altesaam ses slawe, twee slavinne en twee slawekinders.

As eerste vryslaaf het Evert van Guinee⁹⁴⁶ op 1 Julie 1669 'n stuk tuingrond van meer as 'n morg in die Tafelvallei ontvang. In 1674 het hy 200 gulden teen 6 persent rente van die

⁹³⁴ G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XXXV*, pp. 146 - 147.

⁹³⁵ *Ibid.* XXVII, pp. 392 - 393; *Ibid.* XXXV, pp. 138 - 140, 146, 189 en 191.

⁹³⁶ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 60.

⁹³⁷ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 372 and 374.

⁹³⁸ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 78 - 80 en 124.

⁹³⁹ A. Davids, Words the Cape slaves made: a socio-historical-linguistic study, *South African Journal of Linguistics* 8(1), 1990, pp. 5 - 6.

⁹⁴⁰ R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 165.

⁹⁴¹ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 79, 80, 85 en 90.

⁹⁴² F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 61.

⁹⁴³ K.A.B. : MOOC. 8/1, nr. 28: Inventarissen, 1685 - 1800, 1697-11-05.

⁹⁴⁴ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, pp. 88 - 89

⁹⁴⁵ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 80 en 81.

⁹⁴⁶ *Ibid.*, p. 93; J.L. Hatting, Grondbesit in die Tafelvallei, Deel I: Die Eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710, *Kronos* 10, 1985, pp. 39 - 40, 42 en 47.

diakonie geleen waarvoor hy sy nuwe huis, byhuise, bewerkte tuin en al sy roerende en onroerende goedere verpand het.⁹⁴⁷ In 1677 het hy die jong slafie, Claes van Bengale, vir 32 riksdalders verkoop en die daaropvolgende jaar nog 'n stuk tuingrond teen 250 gulden aangeskaf. Sy voorspoed was egter van korte duur, want in 1679 was hy een van die armste burgers wat 'n koringrantsoen van die owerheid ontvang het. As uitkoms het hy hom in die nuwe landboukolonie langs die Eersterivier te Stellenbosch, wat vir vryswartes beskikbaar geraak het, gevestig. Die plaas is egter in 1685, drie jaar voor sy dood, aan Andries Oelofse verkoop.

In 1689 het Domingo van Bengale sy vryheid teen 100 riksdalders van sy eienaar Matthijs Greef gekoop. As vryswarte is hy in 1693 toegelaat om 300 gulden van die Kaapse Kerk te leen wat hy in 1694 teen ses persent rente terugbetaal het.⁹⁴⁸ Hy het 'n erf noordoos van Oliphantstraat besit, terwyl hy ook die blanke kneg, Jan van Braganza, in sy diens gehad het.⁹⁴⁹ In 1706 was Domingo van Bengale mede-ondertekenaar van die klagskrif teen Willem Adriaan van der Stel.⁹⁵⁰

Nadat Louis (Lovijs) van Bengale se eienaar, die sekunde Hendrik Lacus, in 'n bedrogsaak betrokke was, het kommissaris Isbrand Goske in 1670 aan Louis toestemming verleen om sy eie vryheid te koop.⁹⁵¹ Weens geldgebrek is hy eers deur die Kompanjie oorgeneem en kon hy homself eers in Maart 1672 vrykoop. In 1670 het hy die eienaar van 'n morg tuingrond in Tafelvallei geword. Daarbenewens is 'n groot woonef op 1 September 1676 in Bergstraat aan hom toegeken,⁹⁵² terwyl die plaas Leef Op Hoop in die Jan de Jonkershoek-omgewing in 1692 op sy naam oorgedra is.⁹⁵³ In die *Resolusies van die Politieke Raad* word op 14 Junie 1678 melding gemaak van 'n slavin van die timmerman Adriaen van Brackel wat in hegtenis geneem is "over gepleegde dieverijen en gesustendeerde huijs-braak" by die huis van "den borger Louwijs van Bengale", terwyl sy eie slaaf, Anthony van die Kus, in 1681 gedros het.⁹⁵⁴ In 1687 het sy kneg, Willem Teerling, met Louis se vrou, Lijsbeth, weggeloop. In dieselfde jaar koop hy die slaaf, Matthijs van Java, vir 'n redelik billike 35 riksdalders aan om hom egter twee jaar later, met die afskaling van sy boerdery, vir 30 riksdalders te verkoop. Alhoewel Louis en sy derde vrou, Rebecca van Makassar, in Stellenbosch gewoon het, was hulle teen die einde van die sewentiende eeu volwaardige eienaars van 'n erf in Kaapstad.⁹⁵⁵ As besitter van grond en eiendom was Louis egter nie juis voorspoedig nie. Na onsuksesvolle boerdery is

⁹⁴⁷ J.L. Hatting, *Kaapse notariële stukke waarin slawe van vryburgers en amptenare vermeld word, 1658 - 1670 II*, *Kronos* 15, 1985, p. 21.

⁹⁴⁸ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 85.

⁹⁴⁹ *Ibid.*, p. 88.

⁹⁵⁰ K.A.B.: CJ. 310: Crimineele Prosesstukken 1706, 1706-03-13.

⁹⁵¹ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 89; A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 82.

⁹⁵² A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 89; A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 90; J.L. Hattingh, *Grondbesit in die Tafelvallei. Deel I: Die Eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652 - 1710*, *Kronos* 10, 1985, p. 41.

⁹⁵³ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 90.

⁹⁵⁴ A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 253; K.A.B.: CJ. 2: Oorspronklike regsrolle en notule, 1681-02-03.

⁹⁵⁵ A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 91.

Leef Op Hoop in 1690 aan die vryswarte Anthonie van Angola verkoop, in 1705 moes hy sy huis en besittings in Kaapstad weens uitstaande skuld verkoop en in 1711 is ook sy stukkie grond in Tafelvallei van die hand gesit. Met sy dood was die boedel van Louis van Bengale ongeveer 997 riksdaalders sterk.⁹⁵⁶

Coridon van Ceylon het as vryslaaf in 1795 die eienaar van 'n stuk grond geword waarop die Auwal-moskee in Dorpstraat vandag staan.⁹⁵⁷ Tydens 'n Moslemseremonie is Coridon met Tryn van die Kaap in die huwelik bevestig. Coridon is in 1797 oorlede en kragtens sy testament is die eiendom in Dorpstraat aan sy weduwee, Tryn, bemaak. In 1809 het sy dit teen 300 gulden aan hulle dogter Saartjie oorgedra.⁹⁵⁸ Tryn het haar bates knap bestuur en sosiale sowel as ekonomiese vooruitgang gemaak. Tydens haar verblyf op haar eiendom in Dorpstraat het Tryn vier slawe besit en 'n Khoikhoiman in diens gehad. Daarbenewens het sy huisvesting aan vier slawemans, 'n slavyn van ene Van Oudtshoorn sowel as haar dogter se familie akkommodasie verskaf. Tryn se dogter, Saartjie, wat met Achmat van Bengale getroud was, is van belang aangesien sy haar geërfde eiendom in Dorpstraat vir die inrigting van 'n moskee beskikbaar gestel het. As sodanig het sy 'n belangrike rol in die geskiedenis van een van die oudste moskees in Kaapstad sowel as Suid-Afrika gespeel en so haar bydrae tot die konsolidasie van Islam aan die Kaap gelewer.⁹⁵⁹

Die vrygestelde Claas Gerritsz van Bengale het met sy familie op sy eiendom in Zeestraat gewoon. Volgens 'n inventaris van 5 November 1697 is die twee slawe in sy besit teen 79 riksdaalders elk verkoop en het sy boedel ongeveer 400 gulden beloop.⁹⁶⁰

In 1692 het beide die twee vrygestelde slawe Anthony van Angola en Manuel van Angola gesamentlik die eienaars van 'n plaas van 57 morge geword. Hulle was ook in besit van 'n slaaf Sijmen Ham wat hulle van Oloff Bergh teen 85 riksdaalders, gekoop het⁹⁶¹ en 'n slaaf wat hulle van die burger Jan Holsmit aangeskaf het. In 1690 het Sijmen homself tydens 'n amptelike bewapende soekgeselskap na gedroste slawe, noodlottig met 'n snaphaan gewond.⁹⁶² In 1694 was die kneg, Hans Jes van Sleswijck, 'n arbeider op die plaas van Anthony en Manuel, terwyl die blanke knegte Willem Teerling, Hendrik Mulder en Magnus Andrijszen op een of ander tyd by hom in diens was. Aanvanklik het dit na die dood van Manuel in 1685 goedgegaan, maar teen die einde van die tagtigerjare het terugslae en skuld Anthony begin teister. Terwyl hy in 1694 nog in besit van twintig beeste, 180 skape, twee waens, 'n ploeg en eg was, was hy met sy dood in 1696 besitter van slegs agt beeste, 'n katel met bulsak en kussing, twee kiste, 'n paar stoele en 'n teetafel. Sy plaas is vir 600 gulden verkoop en die roerende goedere was 362 gulden werd. Met sy dood is die slavyn, Susanna, wat ten laaste by hom in diens was, en haar twee kinders vrygestel.⁹⁶³

⁹⁵⁶ K.A.B.: CJ. 2914: Vendurollen, 1688 - 1795, 1705-01-19.

⁹⁵⁷ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, p. 61.

⁹⁵⁸ *Ibid.*, p. 63.

⁹⁵⁹ F.R. Bradlow en M. Cairns, *The early Cape Muslims*, pp. 38, 39, 61 en 63.

⁹⁶⁰ K.A.B.: MOOC. 8/1, nr. 28: Inventarissen, 1685 - 1800, 1697-11-05.

⁹⁶¹ A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, pp. 88 - 89.

⁹⁶² A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 239.

⁹⁶³ K.A.B.: MOOC. 8/1, nr. 16: Inventarissen, 1685 - 1800, 1696-09-26.

Die meerderheid vryswartes het 'n lewe as vissers gemaak, soos met Joost van die Kaap, die Chinees Sabinko, Jacob van Boegies en Jonker van Makassar, die geval was,⁹⁶⁴ terwyl ander as betaalde knegte in diens van blankes was. As voorbeeld kan Darius van Cochin wat vir Guillaume Heems⁹⁶⁵ gewerk het en Jacob van Tuticorin wat in diens van Theunis Gijsbertsz was,⁹⁶⁶ genoem word. Volgens William Bird was veral die vryswart Maleiers bekwame kleinhandelaars,⁹⁶⁷ terwyl Mason dit bevestig het en 'n redelik volledige weergawe van hulle nerings aangeteken het:

The Malays earn their living as shopkeepers, masons, carpenters, wagoners, tailors, cobblers, coolies, seamen, domestic servants, and other callings ... They are preëminently the fishermen of the Cape. The woman are milliners, cooks, nursemaids, housemaids, and washerwomen. Some Malays have realized considerable property in houses, wagons, and horses; and by establishing vegetable, fruit and smallware shops, have accumulated a few hundred, and, in rare instances, several thousand pounds.⁹⁶⁸

Die *Kaapsche almanak en naamboek* gee 'n insiggewende en redelik volledige weergawe van beroepe en nerings van Kaapstadse vryswartes.⁹⁶⁹ Hiervolgens was hulle ambagslui, soos messelaars, timmerlui, kabinetmakers, verwers, skoenmakers, kleremakers, hoedemakers, pruikemakers, horlosiemakers, kersmakers, silwersmede, kuipers, stoelsitplekmakers, mandjiemakers, haarkappers, barbiers, kokke, bakkers, vissers, koetsiers, staljongens, wasvroue, smouse, handelaars in groente, vrugte, eiers, eetware, vis en lewende hawe en vuurmaakhout. Sommige het ook eetplekke, sowel as bier- of wynhuise besit of daarin gewerk. Alhoewel die Kaapse vryswartes weens diskriminasie en segregasie⁹⁷⁰ nie dieselfde rykdom en status as Europeërs aan die Kaap kon bereik nie, was hulle nogtans bekwame vakmanne, kleinhandelaars, vissers en arbeiders wat, ten spyte van die feit dat hulle 'n minderheidsgroep was, 'n belangrike bydrae tot die Kaapse kultuur gelewer het. Arbeid sou 'n bepaalde kulturele identiteit aan die Kaapse slawe, vryswartes en hulle nageslag verleen.

⁹⁶⁴ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 165.

⁹⁶⁵ K.A.B.: CJ. 2870: Contracten, 1692 - 1790, 1693-12-02.

⁹⁶⁶ K.A.B.: CJ. 2871: Contracten, 1692 - 1790, 1694-04-01.

⁹⁶⁷ W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

⁹⁶⁸ J.S. Mayson, *The Malays of Cape Town*, pp. 15 - 16.

⁹⁶⁹ J. Suasso de Lima, *Kaapsche almanak en naamboek 1834*, pp. 1 - 40.

⁹⁷⁰ R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 156.